



# Week 8

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer hoe 'n huis wat beskutting offer moet lyk (daar moet water ens. wees).<br>• Maats leer om dankbaar vir hulle huise te wees want baie mense het nie huisies nie.<br>• Hulle leer wat die funksie van elke woonvertrek is en word dus eksplisiet tot hul onmiddelike woonruimte georiënteer.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knyp, druk, manipulasie, plak, |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer dat ons nie op mense jaloers mag wees nie.<br>• Hulle leer om ander maats se huise ongeag van grote en voorkoms te aanvaar.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema.  Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie en stories word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "vier" word vir die week behandel.  Maats moet tot by vier tel.<br>• Maats moet voorwerpe op grond van kleur sorteer.<br>• Maats moet bokshuise bou en vensters ens. in verhouding sny en plak.<br>• Maats leer van die reghoek (die vorm hierdie week).<br>• Klere word op grond van hul kleur, funksie ens. gesorteer. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings wat opgelos moet word, word deur middel van die week se storie en aktiwiteite aan maats gestel.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr, kryt en kwas vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Aandag word op onderskeie huisies (van beide mens en dier) en vertrekke geplaas.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi skeppende manipulasie-take soos om huise uit groot bokse te skep. |

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Vier (4)***
- Vorm van die week: ***Reghoek***
- Kleur van die week: ***Geel***

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 4 tel terwyl hulle ritmies hande klap.***

## Sirkelbespreking van die week



Ontmoet vir:



# Giggeltjie-Geel

# GIGGELTJIE-GEEL *(Die storie)*

Giggeltjie-Geel bly in die Vla-Vallei! Alles in hierdie vallei is haar gunsteling kleur - geel. Sy loop elke middag na skool verby die vla-vlaktes en onderdeur die goudgeel piesangs wat aan die piesangbome langs die pad hang. Dan kyk sy met 'n groot glimlag op na die baie geel kanaries wat in die piesangbome sit en sing.

Vandag loop Giggeltjie-Geel weer van die skool af huistoe en sy dink sommer so in die stap aan haar mamma vir wie sy baie lief is. Giggeltjie-Geel besluit sommer dadelik om vir mamma blommetjies te pluk. Sy buk af en pluk vir mamma goudgeel veldblommetjies. Dan sien sy die mooiste geel varkore langs 'n dammetjie staan! Sy stap vinnig verby die dam waarin donsige geel eendjies te lekker swem en gaan pluk vir mamma arms vol van die goudgeel varkore. Tevrede stap sy dan met al die mooi geel blomme na haar huisie toe.


Toe Giggeltjie met die hande vol blomme by die huis se deur instap sit mamma op die stoep en kuier saam met Ouma Geel. Giggeltjie besluit net daar en dan dat Ouma Geel ook blomme moet kry. Sy gee vir mamma die mooi varkore en druk die geel veldblommetjies in ouma se hande. "Dankie dat julle altyd so hard werk en so mooi na my kyk. Ek is sommer baie lief vir julle albei en my geel wêreldjie sou nie so mooi sonder julle gewees het nie!"

**Vertoon hierdie week vir Giggeltjie-Geel in die klas**


Maats kan die ganse week vir Giggeltjie-Geel kossies gee om te "eet". Hulle kan groen speelgoed bring waarmee sy kan "speel". Sy kan dalk selfs geel blommetjies kry! Moedig maats aan om gepaste geel items vanuit die klas of van die huis af vir Giggeltjie te bring.

**Probeer hierdie week om GEEL verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**







Mollie


Robbie Reghoekie
Hoeveel reghoeke sien julle?


4
Mollie

# BYBEL-ILLUSTRASIES


**Visuele prosessering:** Daar is ELF boeties in die prentjie / Die maan en sterre is GEEL / Josef staan LANGS sy pa

## Bybel-liedjie: Josef (CD) Som Josef se storie vir maats op

Jakob het getrou en 'n seun, Josef, gehad waarvoor hy baie lief was. Josef het tien halfboeties gehad en hulle het niks van hom gehou nie. Hulle was baie jaloers op Josef omdat hulle pappa die liefste vir hom was. Hul pappa, Jakob, het byvoorbeeld een dag vir net Josef 'n pragtige kleurvolle jas gemaak. Hy het nie vir een van sy ander kinders so 'n pragtige jas gemaak nie.

'n Ander rede hoekom Josef se boeties nie van hom gehou het nie, was omdat hy snaakse drome gehad het. In sy drome het sy ouers en boeties altyd voor hom gebuig. In een van die drome wat hy gehad het, was sy pappa en mamma die son en die maan. Sy boeties was sterretjies. Die son, maan en sterretjies het almal voor hom gebuig. Josef het sy boeties van die droom vertel. Hulle was baie kwaad. Hulle kon nie glo dat Josef gedink het hulle sal eendag voor hom buig nie! Dit het gemaak dat hulle vir Josef nog meer gehaat het.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was die naam van die seun vir wie Jakob baie lief was?
- Het Josef se halfboeties van hom gehou?

# BYBELLES

*Josef se jas*

# DAG 1-2

## Woordeskat-ontwikkeling

**Jaloers**

Wanneer ons iets wil hê wat iemand anders het

**Kleurvol**

Om baie kleure te hê

## Lewensles

Ons mag nie op ander mense jaloers wees nie

# Bybelles

*Josef word vekoop*

# DAG 3-4

Eendag was Josef se boeties besig om skape op te pas. Jakob het vir Josef gevra om te gaan kyk hoe dit met sy boeties gaan. Toe die broers vir Josef sien aankom, het hulle vir mekaar gesê dat hulle vir Josef moet doodmaak. Sy een boetie, Ruben, sê toe vir sy ander boeties om nie vir Josef dood te maak nie. Hulle het hom toe in 'n put gegooi todat daar vreemde mans verby gekom het. Die boeties het vir Josef vir net twintig silwerstukke aan hierdie mans verkoop.

Maar wat sou hulle nou vir hulle pa sê het met Josef gebeur?

Die boeties het toe 'n slim plan gekry. Hulle het 'n bok doodgemaak en Josef se mooi jas in die bok se bloed gedruk. Die boeties het toe die jas vir hulle pappa, Jakob, gewys en vir hom gesê dat hulle 'n wilde dier vir Josef opgeëet het. Pappa Jakob was baie hartseer oor sy seun wat "dood" was. Hy het baie gehuil.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Put**

'n Diep gat vol water in die grond

**Silwerstukke**

Outydse munte

**Wilde dier**

Diere wat nie troeteldiere is nie

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Aan wie is Josef verkoop?
- Vir hoeveel silwerstukke is Josef verkoop?
- Wat het die boeties vir hulle pappa gesê het met Josef gebeur?
- Hoekom het die pappa so baie gehuil?

## Lewensles:

Ons mag nooit jok nie want die waarheid kom altyd uit

# DAG 5

Doen hersiening deur vrae te vra en maats dan beurte te gee om Josef se storie aan die hand van die kleurvolle illustrasies te vertel. Let op na:

- watter maats met gemak praat,
- watter maats teruggetrokke is,
- maats se woordeskat,
- maats se woorduitspraak,
- maats se selfvertroue, en
- maats se lyftaal (oogkontak, handjies wat senuagtig kriewel ens.)

## Hersiening

**Herhaal terme**

Jaloers/Kleurvol/Put/Silwerstukke/Wilde dier

## Lewensles

Ons mag nooit jok nie want die waarheid kom altyd uit

# TEMA
*(Storie)*



## STORIE VAN DIE WEEK
*Perdjie soek 'n huisie (CD)*

***Hierdie week help Mollie vir perdjie 'n huisie soek. Boer het vir perdjie uit sy huisie gesit en nou is hy haweloos. Hulle gaan klop aan by sommige plaasdiere. In die proses leer maats waar elke diertjie op die plaas woon.***

***Luister elke dag 'n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# Tafelstorie van die week

*Hierdie week pak ons nie 'n houer uit nie. Ons speel 'n speletjie. Pak prentjies van 'n sitkamer, eetkamer, kombuis, slaapkamer en 'n badkamer op die tematafel. Pak nou items wat in die onderskeie vertrekke voorkom (waslappe, kussings, 'n plastieklepel ens.) op die mat uit. Maats moet nou die onderskeie items by die relevante prentjies pak. Maats pak dus die tafel uit! Om dit meer pret te maak kan maats versoek word om die items in 'n resies of teen tyd by die relevante prentjie te pak.*

Mollie is vandag vreeslik opgewonde! Pappa het vir hom 'n groot **boks** van die werk af gebring. Mollie het besluit dat hy die boks gaan gebruik om vir hom 'n groot bokshuis te maak. Wil julle ook so bokshuis maak maats? *(Pak groot bokse op die mat uit. Laat maats onder toesig hul bokse in huise omskep. Blou* ***papier*** *kan byvoorbeeld gebruik word om vensters te maak,* ***doppies*** *vir deurhandvatselse ens. Maats kan in pare of groepe aan een huisie werk. Hoe meer hulle vertikaal staan en werk en plak, hoe beter.)*

Toe Mollie klaar sy huisie gebou het, kom roep sy mamma hom. Sy kan nie besluit watter kleur sy die sitkamer se gordyne wil maak nie. Mamma pak klein stukkies gekleurde materiaal en krale op die tafel uit. Sy vra vir Mollie of hy haar asseblief sal help om die mooiste kleur krale en materiaal uit te kies. Mollie knik en begin die materiaal en krale in hopies pak, blou by blou, rooi by rooi, groen by groen en geel by geel. Die blou-kombinasie is vir hom die heel mooiste! "Mamma, ek dink mamma moet die sitkamer se gordyne blou maak en blou krale aan die wegbinders vaswerk," sê hy. *(Pak* ***verskillende kleure krale*** *en* ***lappies/papier*** *uit. Laat maats ook soos Mollie krale en kleurpapier/lappies van dieselfde kleur bymekaar pas.)*

Nadat Mollie vir mamma gehelp het om die mooi blou kleur vir die gordyne uit te kies, gaan hy saam met haar kombuis toe. Mamma gaan nou kos maak. Terwyl Mollie so wag dat sy klaar kook, ryg hy rou **Macaronni** oor sy stertjie. Elke keer as die Macaroni so oor sy stertjie afgly giggel Mollie te lekker! *(Laat maats Macaroni op* ***tou*** *of* ***pypskoonmakers*** *ryg.)*


Nadat die muisgesin klaar geëet het, skep sy vir Mollie al die oorskietrys in 'n groot bak in. Mollie druk sy handjies daarin en speel te lekker! *(Skep vir maats gekleurde* ***rys*** *in 'n bak en laat hulle die ervaring geniet!)*

Tematafels moet **ERVAAR** word...













# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 1 en 2







Ons kan in woonstelle, meenthuise, dubbel- of enkelverdiepinghuise woon.
Ons kan ook op plase bly. / In die verlede het mense in kastele of igloes gebly.
Sommige mense het nie huisies nie en moet in tente, karavaantjies of selfs op straat bly.

## Dag 3 en 4





In die sitkamer kan ons sit en televisie kyk of lekker saam met gaste kuier.
Sitkamers het gewoonlik banke, 'n televisie en 'n koffietafel.
Die muur in die prentjie is GEEL, soos ons kleur van die week.





Ons eet in die eetkamer lekker kos aan die etenstafel. Die eetkamer het 'n etenstafel en stoele.
Ons slaap in ons slaapkamers. Slaapkamers het beddens, bedkassies, klere-/laaikaste en al ons klere en speelgoed.
Die tafel staan TUSSEN die twee stoele. / Die lampie staan BO-OP die bedkassie.

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*





Ons maak kos in die kombuis. Kombuise het yskaste, mikrogolwe, stowe, opwasbakke, koskaste en breekware.
Ons bad en was in die badkamer. Ons gebruik ook die toilet in die badkamer.
Die badkamer se badkamerkassie is REGHOEKIG soos ons vorm van die week.



Daar is baie verskillende tipes huise/wonings/blyplekke. Party mense woon in woonstelblokke. Dit is hoë geboue met woonstelle in. 'n **Woonstel** is 'n huisie wat nie 'n groot erf het nie. Ander mense bly in **huise** of **meenthuise**. Sommige huise het meer as een vloer of verdieping en 'n mens moet met trappe van die onderste vloer na die boonste vloer klim. Ons noem sulke huise **"dubbelverdieping"** huise. Ander huise het net een vloer wat plat op die grond is. Ons noem sulke huise **"enkelverdieping"** huise.

Nie almal bly in woonstelle of huise in die dorp nie. Party mense bly in groot **plaashuise** op plase. Hulle het baie groot erwe met diertjies en landerye.

Huise het nie altyd gelyk soos wat hulle vandag lyk nie. Lank gelede het mense byvoorbeeld in groot klipkastele of in huisies van ys (igloes) gewoon. Vandag is ons baie bederf met ons moderne huise wat lekker warm en gemaklik is. Dit maak nie saak of ons huisies groot of klein is nie, ons moet altyd onthou om dankbaar te wees dat ons huisies het. Daar is baie mense wat nie so gelukkig soos ons is nie. Hulle het nie huise nie en bly in tente, klein karavaantjies of sinkplaathuisies.

Laat maats verstaan dat ons nie mekaar se huisies mag kritiseer of veroordeel nie.

Gewoonlik het 'n huis 'n **sitkamer, eetkamer, slaapkamers, 'n kombuis** en 'n **badkamer**. Daar is ook **motorhuise** vir die motors en dalk nog 'n **tuin** waarin maatjies lekker kan speel.

In die sit/tv-kamer kan die familie sit en televisie kyk in die aand of lekker saamkuier en speletjies speel. In die eetkamer eet ons en daar leer mamma en pappa vir ons tafelmaniere. Na aandete gaan slaap ons dan gewoonlike elkeen in ons eie slaapkamer. Wanneer ons in die oggend wakker word maak mamma vir ons ontbyt in die kombuis, want ontbyt is belangrik. Hier maak sy al die kossies. Voordat ons die lekker kos eet moet ons ons hande in die badkamer was.

# TEMA-LES

*Verskillende huise*

## DAG 1-2

### Kritiese denke

- Hoe lyk my huisie?

### Woordeskat-ontwikkeling

Woonstel
Erf
Meenthuis
Huis
Enkelverdieping
Dubbelverdieping
Plaas
Plaashuis
Landery
Kasteel
Igloe
Tent

*Vertrekke*

## DAG 3-4

### Kritiese denke

- Hoe lyk my kamer? (Laat maats opstaan en hul kamers vlugtig vir die klas omskryf.)

# TEMA-LES

*Diere-huisies*

# DAG 5

**Kritiese denke**

- Maats, hoe lyk julle troeteldiere se huisies?

Mense woon in huise soos die waarvan ons hierdie week gesels het, maar het julle al gedink dat diere ook huise het waarin hulle bly. Dink maar aan die hondehokke waarin honde bly. Vissies bly in visdamme of vistenks. Voëltjies bly voëlhokkies of nessies en verskillende soorte voëltjies bou verskillende soorte nessies.

Ons storie van die week, Perdjie soek 'n huise, leer vir ons dat varke in varkhokke, perde in perdestalle, eende in damme en hoenders in hoenderhokke bly! (Gebruik die storie se illustrasies om te illustreer).




Maats moet dankbaar vir hulle huisies wees!

# Kunswerk

*Aktiwiteit 1*


## Bou

Knip die legkaart uit en laat maats dit "bou".




## Knip en plak

Maats moet die onderstaande vorms uitknip en gebruik om 'n huisie te maak wat dan op 'n karton geplak word.



## Teken en inkleur

Laat maats hul eie huisie in die onderstaande buitelyne teken.



# KUNSWERK
*Aktiwiteit 4*

## Verf en druk

Laat maats hulle duime in Giggeltjie-Geel se gunsteling kleur (geel) verf druk en dan telkens in die onderstaande ovale druk (vingerafdrukke).

Giggeltjie-Geel



Linkerduimpie

Regterduimpie

Linkerwysvinger

Regterwysvinger

## Manipuleer en druk

Laat maats die onderstaande vier reghoeke met klei op die stippelyne nagaan. Help hulle om hul (vier) reghoeke te tel.

1

2

3

4

**Benodighede**

| | | |
|---|---|---|
| Balanseerbalk | Tou | Balle |
| balanseerplankie | Hoepels | Klein stoeltjies |
| Boontjiesakkies | Ruimtetonnel | Linte |

## Opwarming

- Speel “follow the leader”. Laat maats spronge en paddaspronge doen.
- Laat hulle sywaarts beweeg, gallop en huppel.

## Balans

’n Balanseerbalk word vir hierdie aktiwiteit gebruik. Laat maats vorentoe en agtertoe oor die balk loop. Laat maats volgende met boontjiesakkies op hul koppe oor die balk stap. Laat hulle dan die boontjiesakkies tussen hul twee hande wissel terwyl hulle oor die balk loop.

## Lateraliteit

Plaas ’n tou op die grond. Sit kegels langs die tou neer en plaas ’n tennisbal op elke kegel. Laat kleuters platvoet oor die tou loop en telkens voor ’n kegel gaan staan. Maats moet dan die bal van die kegel af optel en ’n plastiekhouer gooi wat vir hulle gehou word. Herhaal tot al die balle in houer is.

## Koördinasie

- Plaas ’n ruimtetonnel voor maats. Laat maatjies nou ’n bal alternatiewelik met die linker- en regtervoet deur die tonnel skop. Maats moet na elke skop deur die tonnel kruip en die bal gaan haal. Laat twee maats nou weerskante van die tonnel sit en die bal vir mekaar met beide hande deur die tonnel rol.
- Pak klein bakens in ’n ry. Plaas ’n tennisbal op elke baken. Maats moet op een been voor die bakens staan en die tennisballe telkens met die ander voet afskop.

## Ruimtelike oriëntering

Lê ’n rondte-baan uit met boontjiesakkies, hoepels, ’n ruimtetonnel, vorms, stoeltjies en ’n tou uit. Maats moet nou:

- **op** die boontjiesakkies loop,
- met twee voete **in** die hoepels spring,
- **deur** die tonnel klim,
- in “hopschotch”-formaat **op** vorms spring (bv. oop-en-toe bene, op een been ens.),
- **onderdeur** stoeltjies kruip, en
- en hande-viervoet **bo-oor** die tou loop.

# KINETIKA

## Reaksie-tyd

Laat maats in 'n sirkel staan en gaan staan in die middel van die sirkel met 'n tou. Draai nou die tou op die gras in die rondte en probeer kleuters se voete raak. Wanneer die tou by maats verby geswaai kom moet maats in die lug spring sodat die tou nie aan hul voete raak nie.

## Afwarming

Gee vir elke maat 'n lint. Maats moet vrylik met die linte rondhardloop. Laat maats die linte op en af, links en regs en in die rondte beweeg. Laat maats volgende net rustig op die gras lê en ontspan. Indien daar wolkies in die lug is kan maats probeer om hulle te tel of om te sien watter gesiggies en "prentjies" hulle in die wolke se vorm kan "sien".



STEAM

# My huis se pret kombuis - Chemiese reaksies

Melk en voedselkleursel meng om gekleurde melk te maak. As ons 'n derde bestanddeel bygooi word die gekleurdie melkie 'n kombuis-eksperiment waarin ons kan sien hoe vette afbreuk.

## Benodighede



- 2% of hoër vet konsentrasie melk
- Voedselkleursel
- Skottelgoedseep
- Bord of vlak bakkie

## Instruksies

1. Gooi melk in die bord totdat die bodom heeltemal bedek is met melk.
2. Drup verskillende kleure voedselkleursel op verskillende plekke in die melk. Wissel kleure baie en versprei dit oor die melk se oppervlak. Moet nie die melk en kleurselmengsel meng nie.
3. Drup 'n druppel skottelgoedseep in die middel van die melk en kleurselmengsel.
4. Die kleure sal onmiddelik begin kolk sodra die skottelgoedseep in die melkmengsel gedrup word.

## Wat het ons geleer?

Melk bevat verskeie molekules, vette, protiën en suikers. Die skottelgoedseep val die vette in die melk aan net soos wat dit die vette op vuil skottelgoed aanval.

GEKLEURDE

Melkwiel

